

HOOFSTUK 4

UITVOERING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK EN DIE VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN DIE RESULTATE

4.1 INLEIDING

In hoofstuk 4 word die beplanning van hoofstuk 3 opgevolg met die uitvoering en bespreking van die empiriese ondersoek.

4.2 UITVOERING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Op grond van die beplanning in hoofstuk drie is altesaam nege hoërskole en drie krieketklubs genader om krieketspelers beskikbaar te stel vir die navorsing. Met die nodige toestemming wat verkry is van hoofde, ouers, onderwysers en afrigters het krieketspelers op verskillende vlakke, vrywilliglik, elk drie vraelyste voltooi. Elke krieketafrigter is ook gevra om 'n gedeelte van die outobiografiese vraelys te voltooi. Altesaam honderd agt-en-veertig vraelyste is as korrek aanvaar. Hierdie getal is volgens statistiese riglyne voldoende om die resultate te veralgemeen, indien dit aan die vereiste statistiese norme voldoen.

4.3 VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN DIE RESULTATE

Na afloop van die veldwerk is die drie vraelyste nagesien en die verkreë data is statisties verwerk. Ten eerste is die Microsoft Excel program op die rekenaar gevolg, wat nie die gewenste resultate kon oplewer nie. Daarna is op die SAS-program besluit en die volgende bewerkings is uitgevoer ten einde die doelwitte soos in hoofstuk 1 gestel, te aktualiseer:

- 'n Frekwensie-analise om vas te stel watter persoonlikheidstrekke die sterkste by krieketspelers figureer.
- 'n Variansie-analise om betekenisvolle verskille, indien enige, tussen die persoonlikheidstrekke van krieketspelers op verskillende speelvlakke, in verskillende posisies en op verskillende ouderdomvlakke te bepaal.
- 'n Wilcoxon rang som toets om die evaluering van afrigters en spelers te vergelyk.

4.3.1 Frekwensie-analises

'n Aanvanklike analise is net met die 16 PF resultate gedoen. 'n Bespreking van die EPI resultate volg verder aan.

Met die eerste frekwensie-analise is gepoog om die persoonlikheidstrekke wat oor die algemeen die sterkste by krieketspelers figureer, te identifiseer. Die resultate verskyn in tabelle 2 en 3.

Tabel 2: Dominante persoonlikheidstrekke by krieketspelers: lae 16 PF tellings (1-3)

Frekwensie rangordes*	N	16 PF faktore	Frekwensies
1	66	G (opportunisties)	44.6%
2	49	B (konkrete denke) en N (reguit)	33.11%
3	45	I (hard en realities)	30%

*Die frekwensie rangordes verteenwoordig die eerste drie persoonlikheidstrekke met die hoogste frekwensies, uitgedruk as persentasies. Die besluit om net die eerste drie persoonlikheidstrekke te kies was arbitrêr.

Tabel 3: Dominante persoonlikheidstrekke by krieketspelers: hoë 16 PF tellings (8-10)

Frekwensie rangordes	N	16 PF faktore	Frekwensies
1	57	A (hartlik, deelnemend, ekstroverties)	38.5%
2	49	H (waaghalsig)	33.11%
3	45	E (selfgeldend, onafhanklik, aggressief)	30.4%

Volgens tabelle 2 en 3 kom dit voor asof die volgende persoonlikheidstrekke die sterkste by krieketspelers figureer: opportunisme, konkrete denke, reguit, hardheid, hartlikheid, deelnemendheid, waaghalsigheid, selfgeldendheid, onafhanklikheid en aggressiwiteit.

As die persoonlikheidstrekke gegroep word, lyk dit of hulle mekaar goed aanvul en word die volgende kategorieë onderskei:

- opportunisme (waaghalsig)
- realisme (konkrete denke, reguit, hard)
- ekstroverties (hartlik, deelnemend)
- aggressiwiteit (selfgeldend, onafhanklikheid)

Op die keper beskou, is bogenoemde die tipe persoonlikheidstrekke wat 'n mens by krieketspelers sou verwag: Hulle is opportunisties, met ander woorde hulle moet kans kan waag om byvoorbeeld lopies te steel, maar terselfdertyd moet hulle realisties genoeg wees om nie "selfmoord" te pleeg nie. Om in 'n span te funksioneer verwag 'n mens dat spelers hartlik en deelnemend moet wees, en die aggressiwiteit van byvoorbeeld snelboulers is bekend.

Vervolgens is 'n frekwensie-analise uitgevoer om te probeer vasstel of die persoonlikheidstrekke van krieketspelers verskil volgens die vlakke waarop hulle krieket speel. Aangesien die verskillende vlakke (volgens die vraelys) naby aan mekaar lê, is besluit om die vlakke saam te groepeer in twee vlakke (1-3 en 4-6). Die rasionaal hieragter is dat so 'n verdeling die kanse verhoog om 'n diskrepanse tussen die persoonlikheidstrekke te bewerkstellig. Die resultate verskyn in tabelle 4 en 5.

Tabel 4 : Dominante persoonlikheidstrekke by krieketspelers op verskillende speelvlakke 1-3 en 4-6: lae 16 PF tellings (1-3)

Frekwensie rangordes vir:	N	16 PF faktore	Frekwensies
Vlakke 1-3			
1	48	G (opportunisties)	44.9%
2	42	B (konkrete denke)	39.3%
3	41	N (reguit)	38.3%
vlakke 4-6			
1	18	G (opportunisties)	44%
2	14	Q3 (laks, minag sosiale reëls)	34.15%
3	13	I (hard, realities)	34.1%

(*) vlak 1 = skoolspan vlak 4 = streekspan
 vlak 2 = eerste span vlak 5 = provinsiaal
 vlak 3 = klubspan vlak 6 = nasionaal

Tabel 5: Dominante persoonlikheidstrekke by kriketspelers op verskillende speelvlakke 1-3 en 4-6: hoë 16 PF tellings (8-10)

Frekwensie rangordes vir:	N	16 PF faktore	Frekwensies
Vlakke 1-3			
1	40	A (hartlik, deelnemend, ekstroverties)	37.4%
2	33	H (waaghalsig)	30.8%
3	32	E (selfgeldend, onafhanklik, aggressief)	29.9%
Vlakke 4-6			
1	17	A (hartlik, deelnemend, ekstroverties)	41.5%
2	16	H (waaghalsig)	39%
3	13	E (selfgeldend, onafhanklik, aggressief)	34.1%

Volgens tabelle 4 en 5 figureer basies dieselfde persoonlikheidstrekke as by tabelle 2 en 3. Dit is te wagte as in ag geneem word dat dit dieselfde groep respondente is waarmee gewerk word. Ook word geen wesentliche verskil tussen die persoonlikheidstrekke van vlakke 1-3 kriketspelers en die van vlakke 4-6 kriketspelers aangeteken nie. Die enigste verskil is dat faktor Q3 (laksheid, minag sosiale reëls) by die vlakke 4-6 kriketspelers sterk figureer. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat ouer kriketspelers hulle minder steur aan sosiale reëls en regulasies en derhalwe 'n groter mate van sosiale laksheid toon as jonger spelers. By vlakke 1-3 figureer faktor B (konkrete denke) sterk. Dit is te wagte aangesien jonger persone meer sal neig om op 'n konkrete denkvlak te beweeg as ouer persone (volgens Piaget se ontwikkeling van denkvlakke).

Soos vir die verskillende speelvlakke, is 'n frekwensie-analise uitgevoer om te bepaal of die persoonlikheidstrekke van kriketspelers verskil volgens ouderdom. Om die moontlikheid van 'n diskrepansie tussen persoonlikheidstrekke te verhoog, is die ouderdom in twee groepe (14-16 jaar en 17-32 jaar) verdeel. Die resultate verskyn in tabelle 6 en 7.

Tabel 6: Dominante persoonlikheidstrekke by krieketspelers op verskillende ouderdomme: lae 16 PF tellings (1-3)

Frekwensie rangordes vir:	N	16 PF faktore	Frekwensies
Ouderdom:			
14-16:			
1	48	G (opportunisties)	48%
2	38	B (konkrete denke)	38%
3	33	N (reguit, natuurlik)	33%
17-32:			
1	18	G (opportunisties)	37.5%
2	16	N (reguit, natuurlik)	33.3%
3	15	I (hard, realities) en L (vertrouend, aanpasbaar)	31.3%

Tabel 7: Dominante persoonlikheidstrekke by krieketspelers op verskillende ouderdomme: hoë tellings (16 PF:8-10)

Frekwensie rangordes vir:	N	16 PF faktore	Frekwensies
Ouderdom:			
14-16:			
1	42	A (hartlik, deelnemend, ekstroverties)	42%
2	32	E (selfgeldend, onafhanklik, aggressief)	32%
3	29	H (waaghalsig)	29%
17-32:			
1	20	H (waaghalsig)	41.6%
2	19	F (geesdriftig, onverskillig)	40%
3	15	A (hartlik, deelnemend, ekstroverties)	31.3%

Soos vir die verskillende speelvlakke, verskil die persoonlikheidstrekke volgens ouderdomsgroepe nie veel nie (Dit is te wagte as in ag geneem word dat die verdeling van speelvlakke ook tussen ouderdomsgroepe onderskei). Die volgende verskille word volgens ouderdomsgroepe aangeteken: By jonger spelers (14-16) figureer konkrete denke en aggressiwiteit sterker as by ouer spelers (17-32). Die konkrete denke is reeds verklaar (kyk vlakke). Dit is ook moontlik dat onbeheersde aggressiwiteit sterker by jonger spelers sal

manifesteer, omdat hulle nog nie geleer het om hul aggressiwiteit positief te bestuur nie. By ouer spelers word realisme, aanpasbaarheid en gesdrif sterker gemeet as by jonger spelers.

Vervolgens is 'n frekwensie-analise uitgevoer om te probeer vasstel of daar 'n verskil is tussen die dominante persoonlikheidstrekke van boulers, kolwers en paaltjiewagters. Die resultate verskyn in tabelle 8 en 9.

Tabel 8: Dominante persoonlikheidstrekke by boulers, kolwers en paaltjiewagters: lae 16 PF tellings (1-3)

Frekwensie rangordes vir:	N	16 PF faktore	Frekwensies
Boulers			
1	23	G (opportunisties)	40.4%
2	21	I (hard, realities)	37%
3	19	Q3 (laks, minag sosiale reëls)	33.3%
Kolwers			
1	37	G (opportunisties)	51.4%
2	25	B (konkrete denke) en N (reguit, natuurlik)	35%
3	24	M (prakties, versigtig)	33.3%
Paaltjiewagters			
1	8	I (hard, realities)	42.1%
2	7	B (konkrete denke)	37%
3	6	G (opportunisties)	32%

Tabel 9: Dominante persoonlikheidstrekke by boulders, kolwers en paaltjiewagters: hoë 16 PF tellings (8-10)

Frekwensie rangordes vir:	N	16 PF faktore	Frekwensies
Boulders			
1	20	A (hartlik, deelnemend, ekstroverties) en H (waaghalsig)	35%
2	18	F (geesdriftig, onverskillig)	32%
3	16	E (selfgeldend, onafhanklik, aggressief)	28%
Kolwers			
1	24	A (hartlik, deelnemend, ekstroverties)	33.3%
2	22	E (selfgeldend, onafhanklik, aggressief)	31%
3	21	H (waaghalsig)	29.2%
Paaltjiewagters			
1	13	A (hartlik, deelnemend, ekstroverties)	68.4%
2	8	H (waaghalsig)	42.1
3	7	E (selfgeldend, onafhanklik, aggressief)	37%

By boulders meet faktor Q3 (laks, minag sosiale reëls) en F (geesdriftig, onverskillig) sterker as by kolwers en paaltjiewagters. In ag genome die vurige en selfs aggressiewe temperament van veral snelboulders, is hierdie bevinding heeltemal van pas. Die faktor M (prakties, versigtig) meet sterker by kolwers as by boulders en paaltjiewagters. Ook hierdie bevinding is heeltemal in lyn met die spesifieke taak wat van kolwers verwag word, naamlik om soveel moontlik lopies aan te teken. 'n Praktiese en versigtige benadering word gewoonlik vereis.

Ten einde meer sinvolle betekenis te gee aan die frekwensie-analises, is variansie-analises uitgevoer ten einde vas te stel of enige betekenisvolle verskille voorkom tussen die persoonlikheidstrekke van krieketspelers ten opsigte van ouderdom, vlakke waarop gespeel word en speelposisies. Die resultate word vervolgens bespreek.

4.3.2 Variansie-analises

Met 'n aanvanklike variansie-analise is aangetoon dat betekenisvolle verskille voorkom tussen persoonlikheidstrekke en vlakke waarop krieketspelers speel, die verskillende ouderdomme van krieketspelers, asook die verskillende speelposisies. Hierdie verskille word gereflekteer in tabelle 10 –12 (*LW: Geen betekenisvolle verskille is ten opsigte van die EPI-tellings aangetoon nie. Slegs die 16 PF-tellings is in berekening gebring.*)

Tabel 10: 'n Variansie-analise tussen persoonlikheidstrekke en die verskillende vlakke waarop krieket gespeel word

Faktor	Pr (>F)
MD	0.004431**
B (konkreet vs abstrak)	0.04408*
Q3 (sorgeloos vs selfbeheersd)	0.01845*

** p<0,01

* p<0,05

Volgens tabel 10 bestaan betekenisvolle persoonlikheidsverskille tussen krieketspelers op verskillende vlakke ten opsigte van faktore MD, B en Q3. 'n Verfynde analise volg verder aan om vas te stel tussen watter vlakke die betekenisvolle persoonlikheidsverskille voorkom.

Tabel 11: 'n Variansie-analise tussen persoonlikheidstrekke en die verskillende posisies (kolwers, boulders, paaltjiewagters) waarop krieket gespeel word

Faktor	Pr (>F)
A (terughoudend vs hartlik)	0.007812 **
I (hard vs teerhartig)	0.0487 *

** p<0,01

* p<0,05

Volgens tabel 11 bestaan betekenisvolle persoonlikheidsverskille tussen krieketspelers en die verskillende posisies ten opsigte van faktore A en I. 'n Verfynde analise volg verder aan om vas te stel tussen watter speelposisie die betekenisvolle persoonlikheidsverskille voorkom.

Tabel 12: 'n Variansie-analise tussen persoonlikheidstrekke en die verskillende ouderdomme waarin krieket gespeel word

Faktor	Pr (>F)
MD	0.001583 **
F (sober vs onverskillig)	0.02970 *
H (skaam vs waaghalsig)	0.04041 *
O (selfversekerd vs bekommerd)	0.03227 *
Q3 (sorgeloos vs selfbeheersd)	0.002799 **
Q4 (ontspanne vs gespanne)	0.03436 *

** p<0,01

* p<0,05

Volgens tabel 12 bestaan betekenisvolle persoonlikheidsverskille tussen krieketspelers en die verskillende ouderdomme ten opsigte van faktore MD, F, H, O, Q3 en Q4. 'n Verfynde analise volg verder aan om vas te stel tussen watter ouderdomsgroepe die betekenisvolle persoonlikheidsverskille voorkom.

Vir verdere verfynde analyses is Bonfferoni t-toetse uitgevoer om die betekenisvolle verskille soos gereflekteer in tabelle 10-12 te bevestig. Saam met die Bonfferoni t-toetse is ook 'n aanduiding gegee van die gemiddeldes (deur middel van GLM-prosedures) en standaardafwykings ten opsigte van spesifieke persoonlikheidstrekke van die verskillende vlakke, posisies en ouderdomme van krieketspelers. (LW: Die gemiddelde tellings van alle persoonlikheidstrekke is in berekening gebring, nie net van die tellings wat hoog of laag gemeet het nie. Soos verwag is gemiddelde tellings van tussen vier en sewe aangeteken. Die betekenisvolle verskille wat verkry is, dui slegs

op tendense en moet nie sonder meer aan die sterkste persoonlikheidstrekke (soos voorheen gemeet) gekoppel word nie.)

Resultate en besprekings van die verfynde analyses word in die onderstaande tabelle weergegee.

Table 13: 'n Variansie-analise van die MD-tellings van krieketspelers op verskillende speelvlakke

Vlak waarop gespeel word	N	Gemiddeldes (1-10)	Standaard-afwyking	Bonferroni-t-toets.
1-skoolvlak	44	5.18181818	1.80789904	*
2-eerste span	35	6.11428571	1.45058667	
3-klub	28	6.53571429	1.52709220	*
4-streeks	18	5.16666667	1.42457424	
5+6-provinsiaal en nasionaal	23	5.34782609	2.12364814	

* $p < 0,05$

Volgens tabel 13 verskil die MD-tellings van krieketspelers op klubvlak betekenisvol van die MD-tellings van krieketspelers op skoolvlak. Krieketspelers op klubvlak het 'n betekenisvolle hoër beoordeling of agting van hulself as krieketspelers op skoolvlak. Krieketspelers op klubvlak het moontlik meer selfvertroue in hulle vermoëns om te kan krieket speel, wat kan aanleiding gee tot die hoër evaluering van hulself. Dit moet egter ook in gedagte gehou word dat 'n hoë MD-telling kan dui op 'n doelbewuste poging deur die individu om homself of haarself in 'n gunstige lig te stel.

Die feit dat betekenisvolle persoonlikheidsverskille nie tussen ander speelvlakke aangeteken is nie, mag te wyte wees aan gebrekkige steekproefgroottes (sien ook tabel 14).

Tabel 14: 'n Variansie-analise van die Q3-telling van krieketspelers op verskillende speelvlakke

Vlak waarop gespeel word	N	Gemiddeldes (1-10)	Standaardafwyking	Bonferroni-t-toets
1-skoolvlak	44	4.54545455	2.00527845	*
2-eerste span	35	5.22857143	2.01590316	
3-klub	28	6.10714286	2.04286084	*
4-streeks	18	4.33333333	2.02919862	
5-provinsiaal en nasionaal	23	5.21739130	2.41127129	

* $p < 0,05$

Volgens tabel 14 verskil die persoonlikheid van krieketspelers op skoolvlak en klubvlak betekenisvol ten opsigte van faktor Q3. Krieketspelers op klubvlak skyn meer selfbeheersd te wees as spelers op skoolvlak. Dit is te wagte aangesien klubspelers oor die algemeen ouer is as spelers op skoolvlak, en daarom meer beheer oor hulle emosies, reaksies en algemene gedrag behoort te hê.

Wat faktor B in tabel 10 betref, is daar met verdere analises geen betekenisvolle verskille aangeteken nie. Faktor B is dus nie vir verdere analisering in ag geneem nie.

Tabel 15: 'n Variansie-analise van die A-tellings van krieketspelers en die verskillende posisies waarin gespeel word

Posisies waarin gespeel word	N	Gemiddeldes (1-10)	Standaardafwyking	Bonferroni-t-toets
1-kolf	72	6.31944444	1.24821504	*
2-boul	52	6.71929825	1.78039307	
3-paaltjiewagter	19	7.73684211	1.66139517	*

* $p < 0,05$

Volgens tabel 15 neig krieketspelers wat primêr paaltjiewagters is om betekenisvol meer hartlik, deelnemend en minder versigtig te wees as krieketspelers wat primêr as kolwers optree. Hierdie neiging om uitgaande te

wees behels dat paaltjiewagters moontlik meer mensgeoriënteerd is en meer kontak soek met mense as kolwers. Hierdie eienskap van paaltjiewagters gaan ook moontlik meebring dat hulle betekenisvol meer waaghalsig, sosiaal en ekstroverties gaan wees as kolwers.

Volgens die gemiddeldes van tabel 15 is dit interessant om daarop te let dat paaltjiewagters neig om meer hartlik, deelnemend, minder versigtig ensovoorts as boulders te wees en boulders om meer hartlik, deelnemend, minder versigtig ensovoorts as kolwers te wees, maar aangesien geen betekenisvolle verskille gevind is nie, kan dit nie in ag geneem word nie.

Wat faktor 1 betref het daar met verdere analise geen betekenisvolle verskille voorgekom nie.

Tabel 16: 'n Variansie-analise van die MD-telling, volgens die verskillende ouderdomme waarop krieket gespeel word

Ouderdomme van spelers	N	Gemiddeldes	Standaard-afwyking	Bonferroni-t-toets
14-16 jaar	100	5.37000000	1.8513167	*
17-32 jaar	48	6.33333333	1.34216930	*

* p < 0,05

Tabel 17: 'n Variansie-analise van die F-tellings (geesdrif) van verskillende ouderdomme waarop daar krieket gespeel word

Ouderdomme van spelers	N	Gemiddeldes	Standaard-afwyking	Bonferroni-t-toets
14-16 jaar	100	5.85000000	1.97650339	*
17-32 jaar	48	6.62500000	2.07953555	*

* p < 0,05

Tabel 18: 'n Variansie-analise van die H-tellings (waaghalsig) van verskillende ouderdomme waarop daar krieket gespeel word

Ouderdomme van spelers	Steekproef-grootte (N)	Gemiddeldes	Standaard-afwyking	Aanduiding van waar betekenisvolle verskil lê, volgens die Bonferroni-t-toets. (*)
14-16 jaar	100	5.95000000	2.18060783	*
17-32 jaar	48	6.72916667	2.07045666	*

* p < 0,05

Tabel 19: 'n Variansie-analise van O-tellings (kommer) van verskillende ouderdomme waarop daar krieket gespeel word

Ouderdomme van spelers	N	Gemiddeldes	Standaard-afwyking	Bonferroni-t-toets
14-16 jaar	100	5.74000000	1.94167480	*
17-32 jaar	48	4.95833333	2.28741546	*

* p < 0,05

Tabel 20: 'n Variansie-analise van die Q3-tellings (selfbeheersd) van verskillende ouderdomme waarop daar krieket gespeel word

Ouderdomme van spelers	N	Gemiddeldes	Standaard-afwyking	Bonferroni-t-toets
14-16 jaar	100	4.72000000	2.13238615	*
17-32 jaar	48	5.83333333	1.98219021	*

* p < 0,05

Tabel 21: 'n Variansie-analise van die Q4-tellings (gespanne) van verskillende ouderdomme waarop daar krieket gespeel word

Ouderdomme van spelers	N	Gemiddeldes	Standaard-afwyking	Bonferroni-t-toets
14-16 jaar	100	5.71000000	2.00652974	*
17-32 jaar	48	4.93750000	2.16751893	*

* p < 0,05

Volgens tabel 16 blyk dit dat ouer krieketspelers geneig is om 'n hoër MD-telling te hê as jonger krieketspelers. Die afleiding kan gemaak word dat ouer krieketspelers meer geneig is om hulself beter te ag as wat die geval is met

jonger spelers. Ouer spelers het moontlik meer ondervinding en vertroue in hulself, waar jonger spelers onseker is en bang is vir groepsdruk. Daar kan geredeneer word dat 'n hoë MD-telling nodig is vir 'n krieketspeler of self enige sportdeelnemer om suksesvol te wees, want selfvertroue kan gesien word as die sleutel tot sukses. Weereens moet in ag geneem word dat 'n hoë MD-telling kan dui op 'n doelbewuste poging deur die individu om homself of haarself in 'n gunstige lig te stel.

Volgens tabelle 17-21 kom dit ook voor asof ouer krieketspelers 17-32 betekenisvol meer geesdriftig (F) en selfbeheersd (Q3) as jonger krieketspelers 14-16 is. Dit is moontlik dat meer ondervinding en lewenservaring aanleiding gee tot die meer pertinente voorkoms van bogenoemde persoonlikheidstrekke by ouer spelers. Ondervinding sal dit ook moontlik maak dat ouer krieketspeler meer kanse sal vat op die veld (H) as jonger spelers.

Ouer krieketspelers neig ook om meer geesdriftig te wees, omrede hulle, hulle doelwitte bereik het. As gevolg van hierdie doelwitte wat hulle bereik het, raak hulle nou meer ondernemend en onverskillig en begin meer kanse vat om hulle grense te toets en nuwe uitdagings te stel. Jonger spelers aan die anderkant verkeer onder groepsdruk en is nog baie versigtig. Jongeres is bang om foute te maak en om gekritiseer te word.

Volgens tabelle 17-21 blyk dit verder dat jonger spelers geneig is om betekenisvol meer bekommerd, angstig, gespanne en gejaagd te wees as ouer krieketspelers (Q4 en O-tellings). Jonger spelers is in 'n fase van ontwikkeling wat adollessensie genoem word (Vorster & de Meillon 1991:76). Hierdie ouderdom kan ook gesien word as die ouderdom waar kinders begin rebelleer teen gesag. Dit is egter nie maklik om adollessente te verstaan nie. Hulle is dikwels so betrokke by hul eie denke en gevoelens, dat hulle nie ander se standpunte kan insien of verstaan nie. Hierdie selfgesentreerdheid kan daartoe lei dat die adollessent voortdurend selfbewus en kwesbaar is

(Vorster & de Meillon 1991:103). Hierdie neiging kan moontlik die rede wees hoekom jonger krieketspelers meer sensitief is vir kritiek en soek na aanvaarding.

Seniors aan die anderkant, is meer verantwoordelik vir hulle eie daade en tree daarvolgens op. Seniors raak toenemend onafhanklik en begin om meer beheer oor hul eie emosies te verkry (Louw & Edwards 1997:573). Hierdie mate van beheer oor hulself kan moontlik die rede wees hoekom ouer krieketspelers neig om rustiger en meer ontspanne te wees.

4.3.3 Die Wilcoxon rang som toets om die evaluering van afrigters en spelers te vergelyk

Aansluitend by die bogenoemde frekwensie-analises en variansie-analises is spelers gevra om hulself as krieketspelers op die volgende glyskaal te beoordeel:

1	2	3	4	5	6
Swak					Uitstekend

Afrigters is daarna gevra om elk van hul spelers op dieselfde skaal te beoordeel. Die Wilcoxon rang som toets is uitgevoer om te bepaal of daar 'n betekenisvolle verskil tussen afrigters en spelers se evaluasie is. 'n P-waarde van 0.000009775 is verkry, met ander woorde daar is 'n betekenisvolle verskil tussen die wyse waarop afrigters hul spelers evalueer en die wyse waarop spelers hulself evalueer. Op skool- en klubvlak het krieketspelers hulself telkens betekenisvol beter geag (as krieketspelers) as wat die geval was met hulle afrigters. Hierdie bevinding strook met navorsing wat deur Ramalebana (2005:72) gedoen is en wat gevind het dat Venda adolessente hulself betekenisvol hoër geëvalueer het as wanneer hulle deur hulle ouers en onderwysers geëvalueer is. Streeks- en provinsiale spelers het hulself

betekenisvol laer geag (as krieketspelers) as wat hulle deur hulle afrigters geag is.

4.4 'N BESPREKING VAN DIE EPI RESULTATE

Die resultate van die EPI is aanvanklik saam met die 16 PF resultate aan 'n frekwensie- en variansie-analise onderwerp en getabuleer. Dit het egter gou geblyk dat aansienlike konflikte tussen die resultate van die 16 PF en die EPI voorgekom het. So byvoorbeeld sou krieketspelers volgens die 16 PF 'n hoë mate van aggressie toon, maar volgens die EPI min aggressie reflekteer. Konflikte ten opsigte van ander persoonlikheidseienskappe het ook voorgekom. Geen duidelike verklaring kan vir hierdie diskrepansies aangebied word nie. Die enigste moontlike verklaring is dat die 16 PF persoonlikheidstrekke meet, terwyl die EPI 'n emosionele profiel voorstel. Emosies en persoonlikheidstrekke stem nie altyd ooreen nie. 'n Persoon kan 'n bepaalde emosie reflekteer sonder dat dit 'n besliste persoonlikheidstrek van die persoon is, en vice versa. Die navorser het derhalwe besluit om nie die resultate van die EPI te betrek by die analisering van haar data nie.

4.5 SAMEVATTING

Vir die empiriese ondersoek is 'n frekwensie-analise uitgevoer om te bepaal watter persoonlikheidstrekke die sterkste by krieketspelers figureer. 'n Variansie-analise is uitgevoer om te bepaal of daar enige betekenisvolle verskille voorkom tussen die persoonlikheidstrekke van krieketspelers ten opsigte van speelvlakke, ouderdom en speelposisies. Ten slotte is 'n Wilcoxon rang som toets uitgevoer om die evaluering van afrigters en spelers te vergelyk. Die volgende resultate is verkry:

4.5.1 'n Frekwensie-analise:

- Die volgende persoonlikheidstrekke het oor die algemeen die sterkste by krieketspelers gemeet:
 - opportunisme (waaghalsigheid)
 - realisme (konkrete denke, reguit, hard)
 - ekstroverties (hartlik, deelnemend)
 - aggressiwiteit (selfgeldend, onafhanklik)
- Wat speelvlakke, posisies en ouderdom betref, is die volgende gevind:
 - Vlakke 4-6 krieketspelers toon 'n groter minagting van sosiale reëls as vlakke 1-3 krieketspelers.
 - By vlakke 1-3 krieketspelers figureer konkrete denke sterker as by vlakke 4-6 krieketspelers.
 - Konkrete denke en aggressiwiteit figureer ook sterker by jonger spelers 14-16 as by ouer spelers 17-32.
 - Boulders meet sterker op faktore Q3 (minagting van sosiale reëls) en F (geesdriftigheid, onverskilligheid) as kolwers en paaltjiewagters. Faktor M (prakties en versigtig) meet sterker by kolwers as by boulders en paaltjiewagters.

4.5.2 Variansie-analises

- 'n Betekenisvolle verskil is gevind ten opsigte van die MD-telling en faktor Q3, tussen speelvlakke een en drie, met ander woorde tussen skoolkrieketspelers en klubkrieketspelers. Klubkrieketspelers ag hulself hoër as wat die geval is met skoolvlak krieketspelers. Klubkrieketspelers neig ook om meer selfbeheersd te wees as skoolkrieketspelers.

- 'n Betekenisvolle verskil is gevind ten opsigte van faktor A tussen kolwers en paaltjiewagters. Dit blyk asof paaltjiewagters neig om betekenisvol meer ekstroverties, aktief en deelnemend te wees as kolwers.
- Betekenisvolle verskille is gevind ten opsigte van die MD-telling en faktore F, H, O, Q3 en Q4 wat ouderdomme 14-16 jaar en 17-32 jaar betref. Dit blyk asof ouer krieketspelers betekenisvol meer geesdriftig, selfversekerd en waaghalsig is as jonger krieketspelers. Jonger krieketspelers is weer betekenisvol meer bekommerd, angstig, gespanne en gejaagd as ouer krieketspelers.

4.5.3 Die Wilcoxon rang som toets

- Daar is laastens deur middel van die Wilcoxon rang som toets bepaal dat daar 'n betekenisvolle verskil is tussen hoe spelers hulself evalueer op 'n glyskaal en hoe afrigters spelers evalueer op dieselfde glyskaal. Alle krieketspelers neig om hulself betekenisvol beter te ag (as krieketspelers) as wat die geval is wanneer hulle eie afrigters hulle beoordeel.